

Dinsdag 27 Desember

Skriflesing: Openbaring 20:1-15 (AFR83)

Fokusgedeelte: Openbaring 20:11-15

Die groot oordeelsdag is hier, wees gereed

Die groot Goddelike oordeelsdag vir almal wat lewe en ooit gelewe het, is hier (2 Kor. 5:10; 1 Tess. 4:15 ev; Op. 20:11-13)! Dus: Gryp nou die genade en verlossing in Christus aan of word ewig verwerp. Ook Satan en die geestelike wêreld word geoordeel (Op. 19:19-21; 20:7-10).

Wat gebeur op daardie dag? Laat dit ons sidder en beef? Wat het ons om te bied, immers, ons beste werke is met sonde bevlek (Rom 7:21)?

Ons verstaan slegs ten dele, genoeg vir gereedmaak. Ons lees van boeke wat geopen word (vs 12). Volgens konteks is dit twee boeke (NGB, Art. 37). Die eerste boek is ons elkeen se lewensverhaal of “geweteboek”. By die oopmaak daarvan kyk ons terug op ons lewe. Wat geskryf staan, is volkome eg en waar. Hoe gemaak met ons sondes?

Wel, wie hulle sondes aan God, in Christus deur die Gees bely het, en daarvan weggevlug het op aarde, sal vergewe wees. *God het hulle sondes agter sy rug gewerp en dink nooit weer daaraan nie* (Jes. 38:17). Hulle sondes is in Jesus uitgevee. Wat meer is: Hierdie vrygespreektes sien hulle name ook in die ander boek geskrywe staan, die *boek van die lewe* (vs 12, 15). Hierdie boek met ons name bestaan reeds voor die skepping (Ef. 1; Luk. 10:20). Alles trek saam in die verkiesende genade van God! Alle eer aan ons God!

Het ons *lewensboek* nog nut nadat ons sondes verwyder is? Ja, ons opgeskrewe goeie werke word nou uit genade beloon tot eer van ons God vir ewig (Op. 14:13). Hoe maak ons dan gereed? Leef versoend met en offer jou lewe aan jou God, in Christus, deur die Gees!

Sing: Skrifberyming 1-3:2, 3

Dr. NP Heystek (Klasie) (emeritus)